# menlo-insig Kortom

30/2021

## LIEWE MENLO



'n Mens hoor Suid-Afrikaners dikwels sê dat die gras nie altyd groener aan die ander kant is nie. Die Insig is nie seker hoe die gras aan die ander kant lyk nie, maar ons kan met sekerheid berig dat groen beslis 'n tema op Menlo-bodem is. Hier word die omgewing immers al vir dekades soos goud opgepas sodat die koeltebome vir jare nog skuiling aan toekomstige en toekomsgerigte Menloparkers sal bied.

Terug in die hede behaal ons groengevingerde leerders uitstekende uitslae in al wat 'n eksamen en olimpiade is. Die talent in die klasse, op die sportveld en die verhoog groei geil, want Menlo-grond is waar leerders gedy.

Die tennisbane het vandeesweek 'n splinternuwe groen baadjie aangetrek om die lowergroen setperk en grasgroen netbalbane en rugbyvelde te komplementeer. Ons atletiekbaan is groenvinnig, terwyl groen en goue prestasies gereeld in die swembad, op die astro en op die krieketveld gelewer word.

Is die gras groener aan die ander kant? Kan nie wees nie, want Menlo is grasgroen. Deurwinter. Ervare. Fenomenaal!

## OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms, wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Filippense 4:13**
"Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."

## DAGBOEK

**26/10 & 27/10**
Revue-oudisies (Saal, 17:00 – 20:00).

**9/11**
Ouerinligtingsvergadering rakende die begroting vir 2022 (Ouditorium, 18:00).

**23/11**
Goedkeuringsvergadering van die konsepbegroting vir 2022 (Ouditorium, 18:00).

## Sterkte matrieks!

*It takes a village to raise a child* en na twaalf jaar op die skoolbanke en met die hulp en ondersteuning van die gemeenskap is ons matrieks gereed vir die volgende fase van hulle lewe.

Die praktiese eksamens vir kuns, RTT en IT is vandeesweek afgehandel en die eerste vraestel waarby die hele matriekgroep betrokke is, vind op Woensdag, 27 November plaas.

Die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen is nie 'n geleentheid wat uit 'n organisatoriese oogpunt onderskat moet word nie en talle personeel word betrek. Daarby word etlike duisende toesigtree afgelê om te verseker dat die eksamen onder streng gekontroleerde omstandighede plaasvind. Dit sou egter nie vir ons matrieks moontlik wees om vir die eksamen aan te tree as dit nie vir die puik onderrig wat hulle van graad 1 tot graad 12 ontvang het, was nie. Die Insig salueer elke onderwyser, afrigter en mentor wat 'n rol in ons leerders se lewens gespeel het.

Vir die matrieks is daar vandeesweek slegs een boodskap:

**Julle is absolut gereed!**









# LEIERSKAP

## Parkieraadafsluiting: dankie vir harde werk!

Die Parkieraad het gedurende die afgelope twee jaar 'n integrale rol in die daaglikse bestuur van die skool gespeel en elkeen het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Die Parkieraad was veral behulpsaam met die verspreiding van boodskappe en kommunikasie van die onderwysers aan die Parkies en na drie kwartale van harde werk is dit gepas om die jaar op 'n feestelike wyse af te sluit. Die matriekplein het vandeesweek sy vere vir 'n informele afsluitingsgeleentheid reggeskud waar die uittredende Parkieraad vir hulle werk bedank is. Alrich Smit en Hanlie Botha wat die leisels aan Kristen de Bruin en Louise Pont oorhandig, verdien spesiale vermelding vir hulle bydraes tot 2021 se sukses en so ook mnr. Johan Grové en me. Doné Moolman vir hulle bekwame leiding.





DIE HOËRSKOOL MENLOPARK – EXCELSA PETAMUS

# 2022-SKOOLKALENDER

**Januarie 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

**Februarie 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | | | | | |

**Maart 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | | |

**April 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |

**Mei 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | | | | |

**Junie 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | | |

**Julie 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |
| 31 | | | | | | |

**Augustus 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | 31 | | | |

**September 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | |

**Oktober 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

**November 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | | | |

**Desember 2022**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

**OPENBARE VAKANSIEDAE 2022**

| | |
|---|---|
| 1 Januarie | Nuwejaarsdag |
| 21 Maart | Menseregtedag |
| 15 April | Goeie Vrydag |
| 18 April | Gesinsdag |
| 27 April | Vryheidsdag |
| 01 Mei | Werkersdag |
| 02 Mei | Openbare vakansiedag |
| 16 Junie | Jeugdag |
| 17 Junie | Skoolvakansiedag |
| 08 Augustus | Skoolvakansiedag |
| 09 Augustus | Nasionale Vrouedag |
| 24 September | Erfenisdag |
| 16 Desember | Versoeningsdag |
| 25 Desember | Kersdag |
| 26 Desember | Welwillendheidsdag |
| 27 Desember | Openbare vakansiedag |

**SLEUTEL**

- Naweke
- Administrasiedae
- Skooldae
- Openbare vakansiedae
- Skoolvakansie
- Skoolvakansiedae

| KWARTAAL | DUUR | AANTAL WEKE | AANTAL DAE | OPENBARE VAKANSIEDAE | AANTAL SKOOLDAE |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | (10)12 Januarie - 17 Maart | 10 | 47 (49) | 0 | 47 (49) |
| 2 | 05 April - 24 Junie | 12 | 59 | 5+1 | 53 |
| 3 | 19 Julie - 30 September | 11 | 54 | 1+1 | 52 |
| 4 | 11 Oktober - 14 (15) Desember | 10 | 47 (48) | 0 | 47 (48) |
| | **Totaal** | **43** | **207 (210)** | **6+2** | **199 (202)** |

# REVUE



## Revue-oudisies vir 2022

Dinsdag, 26 Oktober
en
Woensdag, 27 Oktober
**17:00 – 20:00** in die **saal**

Kies 'n tydgleuf en skryf jou naam op die lys in **B107**.

Voltooi asseblief 'n **inskrywingsvorm**.

Navrae: Mnr. Mc Geer (B107)

Oudisies vir graad 8's en nuwe leerders volg in Januarie 2022.




# MUSIEK





## Menlo-musici slaag cum laude

Bravo Gerhard Mahne en Luani Visser! Dié twee talentvolle leerders het uitstekend in UNISA se eksterne eksamen gevaar en beide het met lof geslaag. Gerhard (gr. 8) is 'n pianis wat die graad 5-eksamen met 86% geslaag het, terwyl Luani (gr. 10) 92% in die graad 6-blokfluiteksamen behaal het. Knap gedaan, Gerhard en Luani!

Die musieknuus eindig nie op hierdie hoë noot nie en die crescendo duur voort. Die Insig het pas verneem dat Kristin Victor (gr. 12) en Etienne Cronje (matriek in 2019) hulle oudisies vir **Tuks Camerata** geslaag het. Met hierdie prestasie bevind Kristin en Etienne hulleself binnekort in die uitgelese geselskap van slegs 83 ander Tuks-koorlede – voorwaar merkwaardig.

Me. Jeanmari van Papendorp en haar span se harde werk werp vrugte af. Baie geluk!

## Menlo bobaas by Top-30-byeenkoms

Die kraaie het verlede naweek behoorlik by die Top-30-byeenkoms in Potchefstroom gegaap, maar die versengende hitte was nie genoeg om ons topatlete van stryk te bring nie. Die diepte waarmee Menlo se atletiekspan spog, was opnuut op die baan en veld sigbaar en die span het atletiek uit die boonste rakke opgedis.

'n Oorwinning op so 'n prestige byeenkoms val nie sommer in 'n skool se skoot nie en daarom is ons besonder trots op die feit dat Menlo in beide die seuns- en dogtersafdeling met die louere weggehardloop het. Die top-5-posisies in die onderskeie afdelings behoort aan die volgende skole:

**Dogters**

1. Die Hoërskool Menlopark 2. Prestige College
3. Helpmekaar 4. AHMP 5. Hoërskool Zwartkop

**Seuns**

1. Die Hoërskool Menlopark 2. Prestige College 3. AHS
4. Helpmekaar 5. Hoërskool Waterkloof

NWU®

**NWU - TOP 30 2021 A-Afdeling**

| Nr | Name of School | Male Total | Female Total | Total |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Menlopark | 25709 | 26056 | 51765 |
| 2 | Prestige College | 25431 | 25951 | 51382 |
| 3 | Helpmekaar | 24093 | 25255 | 49348 |
| 4 | Waterkloof | 24002 | 23956 | 47958 |
| 5 | Noordheuwel | 22426 | 23791 | 46217 |
| 6 | Klerksdorp | 22921 | 22311 | 45232 |
| 7 | Nelspruit | 21527 | 23459 | 44986 |
| 8 | Zwartkop | 20507 | 24180 | 44687 |
| 9 | Dr Malan | 22211 | 22454 | 44665 |
| 10 | Kemptonpark | 21873 | 22488 | 44361 |
| 11 | Randburg | 20020 | 23488 | 43508 |
| 12 | Potchefstroom Gim | 22308 | 21056 | 43364 |
| 13 | Wesvalia | 20659 | 22634 | 43293 |
| 14 | Rustenbug | 20557 | 22121 | 42678 |
| 15 | Midstream | 20761 | 21400 | 42161 |
| 16 | Vorentoe | 21358 | 19733 | 41091 |
| 17 | Marais Viljoen | 20401 | 20276 | 40677 |
| 18 | Garsfontein | 17095 | 23284 | 40379 |

Baie geluk aan elke atleet wat die skool se naam by die byeenkoms gestand gedoen het, asook aan mnr. JJ Smith, me. Lelanie van Wyk en die afrigtingspan wat al vir maande aan ons atlete se vaardighede slyp.

### Atlete wat meer as 900 ASA-punte behaal

**Dogters**

Alicia Khunou, Lesedi Khunou, Colene Scheepers, Menike van den Berg, Erasel Boer, Charné du Plessis en Ashlynn Nel.

**Seuns**

Leskin Samuels, Aiden Smith, Aidan Erasmus, Werner Bezuidenhout, Ruan Oosthuizen, Hannes Louw & Niel van der Merwe.

Die prestasies van Alicia Khunou (o. 15-diskus) en Aiden Smith (o. 17-gewigstoot) verdien spesiale vermelding – albei het die maksimum aantal punte (1 000) op die ASA-tabel behaal. #Verstommend











# KRIEKET

## Top-5 vir Menlo in Noord vs. Suid

Die laaste bal in die Noord-Suid-blitzkrieg is afgevuur en Menlo se kolf- en boularsenaal was 100% opgewasse vir dié epiese stryd.

Baie geluk aan die manne wat die opponente deurgaans op die agtervoet betrap het en met uitstekende spel oorrompel het.

### Menlopark 1ste XI teen St Andrews (Grahamstad)

Menlo 212/6 (Corné Burger 62, Christiaan Daniels 52)
St Andrews 152 almal uit (Michael van der Westhuizen 4/23)
Menlo wen met 60 lopies.

### Menlopark 1ste XI teen Grey Kollege

Grey 166/9 (Corné Burger 3/34)
Menlo 142/7 (Corné Burger 56)
Grey wen met 24 lopies.

### Menlopark 1ste XI teen Marais Viljoen 1ste XI

Marais Viljoen 115 almal uit (Juan Human 2/19, Justin Fourie 2/13)
Menlo 117/2 (Justin Fourie 46*, Chris Koekemoer 50)
Menlo wen met 8 paaltjies.

### Menlopark 1ste XI teen Rondebosch 1ste XI

Menlo 122/9 (Corné Burger 34)
Rondebosch 123/5 (Michael van der Westhuizen 2/27, Christiaan Daniels 2/20)
Rondebosch wen met 5 paaltjies.

### Menlopark 1ste XI teen SACS 1ste XI

Menlo 163/4 (Steve Stolk 58, Christiaan Daniels 73)
SACS 140 almal uit (Juan van der Westhuizen 3/23, Michael van der Westhuizen 2/25)
Menlo wen met 23 lopies.

### Menlopark 1ste XI teen Potch Volkies

Menlo 159/7 (Steve Stolk 28, Marco Strydom 29*)
Volkies 157/7 (Juan van der Westhuizen 3/22, Christiaan Daniels 2/35
Menlo wen met 2 lopies.

### Finale puntestand

1. Grey High School (Port Elizabeth)
2. Grey Kollege (Bloemfontein)
3. Rondebosch Boys High School
4. Hoërskool Waterkloof
5. Die Hoërskool Menlopark
6. Hoër Volkskool Potchefstroom
7. SACS
8. Hoërskool Nelspruit
9. St Andrews School (Bloemfontein)
10. Hoërskool Centurion
11. Wynberg Boys High School
12. Westville
13. Hoërskool Rustenburg
14. St Andrews College (Grahamstad)
15. Northwood College
16. Hoërskool Marais Viljoen

### Spesiale toekenning

Menlo se eie sterbouler, Michael van der Westhuizen, is as die beste bouler van die toernooi aangewys.

Sy boulontleding vir die toernooi is soos volg:
14 paaltjies in 23 beurte met 'n gemiddeld van 13.8 lopies per paaltjie.
Absolut uitgeboul!

Baie dankie aan die bestuur- en afrigtingspan onder leiding van mnre. Arno van Wyk en Petrus Coetzee wat uitstekende diens lewer. #Ongeëwenaar














# SWEM



## Menlo-swem is pure goud

Catherine van Rensburg is een van die land se mees belowende swemmers en sy is 'n Menlo-parker. Hierdie talentvolle sportvrou het pas uit Ghana teruggekeer waar sy Suid-Afrika by die Afrika Junior Swemkampioenskap verteenwoordig het.

Catherine het aan sewe items deelgeneem en sewe medaljes teruggebring:

**Goud:** 400 m-individuele wisselslag, 200 m-borsslag, 100 m-borsslag, 1500 m-vryslag en 4 x 200 m-vryslagaflos.

**Silwer:** 4 x 100 m-wisselslagaflos en 3 km-oopwaterswem.

Baie geluk met 'n uitmuntende vertoning!

# NETBAL



## Menlo se o. 15 A's wen silwer by SA's

Die vreugdevure op Menlo-bodem brand hoog nadat die o. 15 A-netbalspan die silwer medalje by die Kay Motsepe SA toernooi verower het. Die stryd om die kroon het vele hoogtepunte opgelewer en die wenner is eers in die doodsnikke gekroon. Baie geluk aan ons spelers wat hulle beste spelpeil in die drukpot van 'n SA finaal bereik het. Menlo is trots! Baie dankie aan me. Jenni-lee Delport en die afrigtingspan vir hulle toewyding.

Met drie spanne (o. 14 A, o. 15 A en o. 19 A) onder die top-5 op die nasionale ranglys, is Menlo beslis 'n netbalkrag om mee te reken!

# HOKKIE

## Voorseisoenoefeninge lê fondasie vir sukses



Alle Menlo-hokkiespelers word aan die voorseisoenoefeninge herinner.
Die tye is soos volg:

**Maandae** 15:00 – 16:30: Doelwagters (sessie 1; mini-astro)
17:00 – 18:30: o. 16-seuns 18:30 – 20:00: o. 17-seuns

**Dinsdae** 15:00 – 16:30: PC-spesialis (mini-astro)
17:00 – 18:30: o. 16-dogters
18:30 – 20:00: o. 17-dogters

**Woensdae** 15:00 – 16:30: Doelwagters (sessie 2; mini-astro)
17:00 – 18:30: o. 16-seuns 18:30 – 20:00: o. 17-seuns

**Donderdae** 15:00 –16:30: PC-spesialis (mini-astro)
17:00 – 18:30: o. 16-dogters; 18:30 – 20:00: o. 17-dogters

## Interprovinsiale sukses vir Menlo-meisies



Die Insig berig vandeesweek graag verder oor ons spelers se sukses by die interprovinsiale toernooi. Baie geluk aan die volgende spelers wat ook Gauteng-Noord-kleure losgedribbel het:

**o. 16-hoëprestasiegroep:** Emmah du Toit
**o. 15 A:** Daniëlle McCann
**o. 14 A**: Hali Matli en Zoë Badenhorst
**o. 14 B:** Mika Loots en Angela le Roux

# PERDRY

## Menlo-perdesport skitter by nasionale kampioenskap

2021 was inderdaad 'n perd van 'n ander kleur en alhoewel die jaar effe wankelrig afgeskop het, was Menlo se ruiters by al die SANESA-skoue stewig in die saal. Hulle veggees en vasberadenheid is tydens die nasionale kampioenskap met 'n uitstekende vyfde plek beloon en Menlo-perdesport is trots op die manier waarop ons ruiters hulleself in die 2021-seisoen gehandhaaf het.

Mila de Muelenaere en Connie du Plessis het oudergewoonte uitstekende vertonings gelewer. Hulle uitslae is soos volg:





### Mila de Muelenaere

Mila lewer 'n puik vertoning en behaal vyf eerste plekke, vier tweede plekke, twee derde plekke en drie vierde plekke in onderskeidelik Dressage, Performance Riding, Working Riding, Equitation, Prix Caprilli, In-Hand Utility en Dressage Freestyle. Mila ontvang die volgende SANESA-toekennings vir haar deelname aan die nasionale kampioenskap:

| | |
|---|---|
| Top Horse / Rider Combination | 3de en 4de plek |
| Top Rider | 5de plek |
| Top Rider (punte vir graad 12) | 1ste en 2de plek |

### Connie du Plessis

Connie behaal die tweede plek in die Handy Hunter-afdeling.

### SA Derby

Mila het haar goeie vertoning by die SA Derby voortgesit waar sy aan beide die Junior Dressage Derby en die Junior Mini Dressage Derby deelgeneem het en weereens as kampioen uit die stryd getree het. Die SA Derby is 'n skou wat leeuemoed verg aangesien slegs drie ruiters na die finale ronde deurdring waar hulle op mekaar se perde kompeteer sodat die ruiters se vaardighede objektief en sonder die voordeel van die gehoorsaamheid van hulle eie perde beoordeel kan word. Knap gedaan, Mila!

### Vaandeldraers vir 2022





Ansuné du Toit en Zané Coetzee is as die kaptein en onderkaptein vir die 2022-seisoen aangewys. Menlo-perdesport wens vir hulle alles van die beste toe en glo dat die Menlo-vaandel hoog sal wapper onder hierdie twee bekwame ruiters se leiding.

# GHOLF

## Gholfliefhebbers, neem kennis!





# Beauty Within

## SPESIALE PRYSE VIR HOËRSKOOL MENLOPARK

Kom bederf julself in ons dubbelkamer
by Beauty Within!
(ma en pa, ma en dogter of pa en seun, onderwysers)

**VOETMASSERING** (30 min)
2 persone nou @ R400 (was R560)

**RUGMASSERING** (30 min)
2 persone nou @ R490 (was R920)


**TIENER GESIGSBEHANDELING**
1 persoon nou @ R300 (was R390)

Geldig tot 31 Oktober 2021

ONS NUWE ADRES :
Meerlust Office Park nr 1,
h/v Lynwood & Meerlust Str, Equestria
Beauty Within : 0836279077 of beautywithin209@gmail.com




Bestel 'n **toep-koffie** en ontvang 'n **gratis kolwyntjie**! Aanbod geldig tot 22/10.




Ondersteun gerus die Menlo-kaf. Skandeer die QR-kode en klik op order365.co.za.
Die kaf is gereed om bestellings te ontvang.




**OORINSTITUUT**
vir uitstekende gehoor



**BESOEK ONS GERUS VIR 'N HEERLIKE NESPRESSO-KOFFIE EN 'N VRIENDELIKE GESPREK OOR U GEHOOR**

**ONS DIENSTE:**
Gehoortoetse
Gehoorapparate
Gehoor Beskerming

**Skakel 0861-10-20-30 vandag nog vir 'n afspraak.**

Oorinstitute is geleë regoor Suid-Afrika en Namibië

www.oorinstituut.co.za

NOW OPEN

hb studio
hair & beauty studio

082 698 8505
60 Glenwood Drive,
Lynnwood Glen,
Aviary Building


**Menlo-klerebank**
Me. Lize Preston
lize.preston@menlopark.co.za



Savelkouls
MENS OUTFITTERS
AANDAG ALLE PARKIES!
MATRIEKAFSKEID IS OM DIE DRAAI.
20% AF OP ALLE PAKKE EN BYBEHORE.
WINKEL 99 BROOKLYN MALL
TEL:0123465653
VIR MEER INLIGTING EPOS: orders@savelkouls.co.za




Familiële Hipercholesterolemie (In Adolessente)
Ouderdom: 12 ≤ 18 jaar oud
Gediagnoseerde genetiese cholesterol
Maksimum verdraagsame dosis statien
Stabiele dosis vir ≥ 30 dae
Kontak ons om meer uit te vind. U mag dalk kwalifiseer vir 'n kliniese studie.
As u geïnteresseerd is skakel
012 803 7733
Pretoria
SYNEXUS
CLINICAL RESEARCH SA (PTY) LTD
*In 'n kliniese navorsing studie, kan die deelnemers 'n kliniese studie produk, of 'n onaktiewe stof, of placebo ontvang, afhangende van die studie ontwerp. Deelnemers ontvang studieverwante versorging van 'n dokter/navorsingspan gedurende die duur van die studie. Alle kliniese navorsingstudies is goedgekeur deur SAPHRA en 'n Navorsingsetieskomittee.




For all your buying and selling needs contact me
Bertie Lombard
083 501 5511
Rawson Properties Faerie Glen
012 991 0439
www.rawson.com
RAWSON
Properties
YOUR NEIGHBOURHOOD EXPERTS




Laundry save
Wasgoed
Strykwerk
Verstellings
Droogskoonmaak
Ons lewer af!
Leerlinge in die koshuis? Ons help graag.
Menlopark Winkelsentrum
13de Straat
Menlopark
079 284 2674
service@laundrysave.co.za
www.laundrysave.co.za